Hoërskool Bultfontein
Dickenstraat, Bultfontein, 9670
Tel: 051 853 1140
Faks: 051 853 1676
284, Bultfontein, 9670
bulties@schoolink.co.za
www.bulties.co.za
Gehalte onderwys – sedert 1881

# Toeskouer/Ouer gedragskode tydens byeenkomste

Hoërskool Bultfontein, ag onsself om die volgende waardes te toon en teen alle tye hoog te respekteer tydens sportgeleenthede:

- Integriteit.
- Solidariteit.
- Passie vir ons sportkode.
- Respek teenoor personeel, afrigters, skeidsregters en leerders.
- Ten alle tye gedissiplineerd te wees tydens 'n sport wedstryd.

Ons, as Hoërskool Bultfontein moedig alle ouers, personeel, leerders en oud-skoliere aan om hierdie waardes en reëls van Bultfontein te gehoorsaam en uit te leef.

## 1.1 Die motivering vir die gedragskode

- Om die element van vreugde, genot en sportmanskap vir spelers te bied.
- Om ouers bewus te maak dat spelers die sport speel, omdat hulle dit geniet en nie vir die ouers en ander belanghebbendes speel nie.
- Om leerders se fisiese welstand te verbeter en om die liefde vir die sport te motiveer.

## 1.2 Gedragskode vir ouers/ belanghebbendes

- Ouers en ander belanghebbendes is slegs daar om die spelers te ondersteun en as toeskouer op te tree.
- Geen van die bogenoemde is daar om afrigting toe te pas tydens 'n wedstryd, of 'n mede-afrigter wil leer hoe die spel gespeel moet word nie.

- Geen ouer of ander belanghebbendes het die reg om op of teenoor afrigters, personeel of leerders te skreeu, tydens of na afloop van 'n wedstryd nie.
- Enige ongelukkighede van 'n ouer of belanghebbende kan aan die skoolhoof, sporthoof of beheerraad-voorsitter gerig word.
- Respekteer die skeidsregters.
- Onbetaamlike gedrag teenoor skeidsregters sal nie geduld word nie.
- Geen slegte/vuil taal sal gebruik word nie.
- Geen beledigende, immorele gedrag of godslasterende taal sal geduld word langs ons veld nie.
- Respekteer ons teenstaanders. Sonder hulle sou daar geen wedstryd kon plaasvind nie.
- Erken die waarde en belangrikheid van die afrigter. Hy gee tog sy vrye tyd aan jou kind om aan sport deel te neem.
- Alle toeskouers moet in die aangewese area bly wat deur die skole aangewys is. (bv. is dit agter die swartpaaltjies of op die paviljoen en nie in of op die rugbyveld nie, by netbal is dit buite die netbal of tennisbane).
- Geen toeskouer sal toegelaat word om binne die speelarea van die sport te wees nie.
- Die gebruik van akolhol is ontoelaatbaar tydens sportbyeenkomste.
- Indien u rook, respekteer ander toeskouers en belanghebbendes, sonder om hul persoonlik ruimte skade aan te doen.
- Ons is hier in die teenwoordigheid van ons skool en dra die beeld uit na buite van Bulties.
- Respekteek en wees trots op ons leerders, afrigters, personeel en ander toeskouers in hierdie belang.

**1.3 Sanksies/immorele gedrag tydens byeenkoms**

- Dit is duidelik gestel dat die betrokke partye die gedragskode geïmplementeer het en aan ouers kennis gegee het.
- Indien enige van die bogenoemde gevalle plaasvind sal die betrokke partye versoek word om die gronde onmiddelik te verlaat.
- Die sanksie wat sal volg is afhangend van die erns van die oortreding en ondersoek sal daarna ingestel word.
- As die gasheerskool nie die saak kan oplos nie, sal die wedstryd se beslissing as 'n verloor gesien word vir die skuldige party.

Mnr.PW van Zyl  Datum
WNDE Skoolhoof

____________________  ____________________

Mnr. P Kotze  Datum
Beheerliggaam Voorsitter

____________________  ____________________